ATTERBURY TRUST



TRUST NUUSBRIEF

VOLUME 1 | DESEMBER 2007

DIE ATTERBURY TRUST 1

BEURSLENINGS 2

FINANSIËLE ONDERSTEUNING - SKOLE. . . 2

ALUMNI-BEURSFUNKSIE . . . . . .2 - 3

“KLAS VAN 1999” . . . . . 3 - 4

ATTERBURY TRUST PLANNE VIR 2008 4

Groei en vooruitgang is reeds sinoniem met die Atterbury Property-naam. Die Atterbury Trust is besig om met rasse skrede te groei en ons het dit goedgedink om 'n nuusbrief te begin om al die belanghebbendes by die Trust ingelig te hou oor waarmee ons besig is. Die nuusbrief gaan twee keer per jaar onder die Atterbury werknemers, besigheids-vennote, huidige beurshouers, alumni beursleninghouers en die skole waar ons betrokke is, versprei word.

Soos die meeste van u reeds weet, is daar reeds met ontstaan van Atterbury Property in 1994 'n wilsbesluit geneem om 'n deel van die welvaart wat deur die maatskappy geskep word, terug te ploeg vir die opheffing van die minderbevoorregte gemeenskap. Die Atterbury Trust is derhalwe in die lewe geroep met die uitsluitlike doelwit om Christelike Afrikaanse opvoedkundige doelwitte na te streef. Die aktiwiteite van die trust is hoofsaaklik die toestaan van beurslenings en die daaropvolgende ondersteuning en mentoring aan studente. 'n Tweede been is die onontbeerlike finansiële ondersteuning aan skole in die weste van Pretoria.

Ons is opgewonde dat 'n rekordaantal van 21 nuwe beurse ten opsigte van 2008 akademiese jaar toegestaan is. Dit bring die totale aantal voltydse eerste- tot vierdejaar Atterbury Trust beursstudente vir 2008 tot 44. Ons begrote uitgawe aan beurse vir 2008 beloop in die omgewing van R 1 000 000 (2006: R 600 000). Beurslenings ten bedrae van ongeveer R 3 156 000 is vanaf 1999 tot 2007 toegestaan.

Ons het ook nuwe terrein betree deur skole in die Kaap en in Groblersdal te besoek vir die werwing van beursstudente. Ons planne vir 2008 sluit onder andere 'n besoek aan skole in die George omgewing in om verdere beurse daar toe te ken. Ons droom is om uiteindelik beursstudente te hê in elke deel van die land waar Atterbury ontwikkelings doen! Daar is ook kontak gemaak met instansies wat soortgelyke oogmerke as die Atterbury Trust het, soos byvoorbeeld die Rapport se Onderwysfonds en die MAD Foundation met die oog op moontlike samewerking in die toekoms.

Ek wil ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om baie dankie te sê aan almal by Atterbury wat vanjaar by die sowat 30 beursonderhoude betrokke was. Ek dink almal wat in die onderhoude ingesit het, sal met my saamstem dat dit 'n voorreg is om te weet 'n mens maak werklik 'n verskil aan individue en hulle families se lewens deur hulle in staat te stel om 'n tersiêre kwalifikasie te kan bekom. Dit is ook baie inspirerend om Afrikaanse Graad 12s te ontmoet wat ten spyte van baie moeilike finansiële omstandighede en persoonlike terugslae steeds groot drome het en vasbeslote is verder te studeer. Baie dankie ook aan Karin Dercksen wat baie nou by die studente betrokke was oor die afgelope aantal jare en steeds op 'n ad-hoc basis betalings doen, skole besoek en funksies reël.

ATTERBURY TRUST

“ Ons skep beter geleenthede ”

HOOF ADMINISTRATEUR | Zahn Hulme

ADMINISTRATIEWE BEAMPTE | Karin Dercksen

UITLEG EN ONTWERP | Elrika Liebenberg

IN ONS EERSTE UITGAWE VAN DIE NUUSBRIEF HET EK DIT GOEDGEDINK OM OP DIE SUKSESSE VAN DIE TRUST TOT OP HEDE TE FOKUS:

BEURSLENINGS TEN OPSIGTE VAN TERSIÊRE STUDIES

Soos in die tabel hieronder gesien kan word, is beurslenings in die afgelope agt jaar reeds aan 90 studente in uiteenlopende studierigtings by tersiêre instansies toegestaan. Die belangrikste kriteria vir die toestaan van lenings is werklike finansiele behoeftigheid en geïdentifiseerde potensiaal van die studente. Die meerderheid van die studente studeer aan die Universiteit van Pretoria, maar ons ondersteun ook studente by Tswane University of Technology (TUT), Noord-Wes in Potchefstroom, Unisa, die Centurion Akademie en privaat kolleges.

Ons by die Atterbury trust is met reg trots daarop dat 40 van hierdie studente reeds hulle studies suksesvol voltooi het in onder andere die volgende studierigtings: Rekeningkunde (8), Ekonomiese- en bestuurswetenskappe (5), Regte (5), Natuurwetenskappe (2), Ingenieurswese (3), Onderwys (3), Tandheelkunde (1), Stadsbeplanning (1) asook 10 studente in die Tegniese wetenskappe.

Baie geluk aan die graduandi van 2008: Elrinda Breytenbach BCom (Hons) Entrepeneurskap en Bemarking (Cum Laude), Janri Viljoen BCom (Rek) (Hons) STR en CF Zietsman LLB. Ons wens julle alles van die beste toe vir julle toetrede tot die arbeidsmark volgende jaar.

JAAR	BEURSE TOEGESTAAN	STUDIES SUKSESVOL VOLTOOI	STUDEER TANS	OPGESKOP	ANDER BEURS ONTVANG
1999	6	6			
2000	9	6		2	1
2001	11	8		3	
2002	6	6			
2003	8	8			
2004	8	4	4		
2005	6	1	4		1
2006	9	1	8		
2007	6		6		
2008	21		21		
TOTAAL	90	40	43	5	2

FINANSIËLE ONDERSTEUNING AAN SKOLE EN BEYERS BYTJIES KLEUTERSKOOL

Maandelikse finansiële ondersteuning wat vir die subsidiëring van onderwyserssalarisse aangewend word, is sedert Maart 2005 aan Laerskool Westerlig gemaak. Die opbrengs van die jaarlikse Atterbury gholfdag is ook sedert 2005 aan Laerskool Westerlig en Laerskool Generaal Beyers bewillig. Hierdie geld word aangewend vir noodsaaklike kapitale besteding aan die instandhouding en opgradering van fasiliteite. Daar is tydens die 2007 Atterbury gholfdag 'n bedrag van R 120 000 ingesamel wat tussen hierdie twee skole verdeel is.

Daar is ook besluit om die Beyers Bytjies kleuterskool wat ook in Danville geleë is, op 'n maandelikse basis vanaf Julie 2007 te ondersteun. Ongeveer 70% van die kleuters se ouers verdien minder as R 5000,00 per maand. Daar is tans 130 kleuters in die kleuterskool, waarvan 70 daagliks by die skool 'n maaltyd kry. Die Atterbury Trust bydrae word aangewend om die ses onderwyseresse se salarisse te betaal.

Judith Baak (neé Dippenaar) Diploma Kliniese Ingenieurswese. Werk tans as Verkoopsverteenwordiger: Ventilators

ALUMNI-BEURSFUNKSIE

Ons wil ook graag ons ondersteuning aan die studente verbeter van bloot finansiële bystand deur ook nader aan hulle te beweeg en as mentors vir hulle op te tree.

Daar word in die toekoms beplan om van die alumni-beurshouers gebruik te maak om as mentors vir die huidige studente op te tree. Daar gaan ook van Atterbury se kant af gedurende die jaar met die studente geskakel word deur onder andere kampusbesoeke en afsprake by ons kantoor.

Ons 2007 alumni-funksie is op 16 Augustus by ons kantore gehou en is deur 26 huidige en alumnibeurshouers bygewoon. Louis het tydens hierdie geleentheid met die studente gedeel waarmee Atterbury tans besig is en beurshouers kon medestudente, oudstudente en ook huidige werknemers van Atterbury ontmoet. Ons beplan om die beursfunksie 'n jaarlikse instelling te maak.

Zahn Hulme besig om die agtergrond en suksesstories van die Atterbury trust met almal teenwoordig te deel

....foto's volg op Bladsy 3

ALUMNI-BEURSFUNKSIE FOTO'S

Piet Jordaan, Jacomien Rossouw, Coenie Bezuidenhout en James Ehlers by die alumni-beursfunksie

Linda Joubert (neé Wassenaar), Christo Joubert en Crystal McDuling in 'n gesellige luim by die alumni-beursfunksie

"KLAS VAN 1999"

Ons almal hou van stories uit die regte lewe en daarom het ek bietjie gaan uitvind wat ons eerste groep beurshouers sedert die voltooiing van hulle studies gedoen het. Ek was bevoorreg om in 1998 saam met Louis van der Watt en Francois van Niekerk by die onderhoude van hierdie eerste groep betrokke te wees en dis verblydend om hulle suksesstories met almal te kan deel. Ek plaas enkele uittreksels uit ons korrespondensie met ons "klas van 1999". Ek glo dit sal as inspirasie vir die "klas van 2008" dien! Ons gaan in toekomstige nuusbriewe uitvind wat ons beurshouers van daaropvolgende jare tans doen.

DAAR IS SES BEURSE IN ONS EERSTE JAAR TOEGEKEN:

1. JACOMIEN ROSSOUW (NEÉ EHLERS)

Jacomien skryf: "Ek wil 'n geregistreerde GR(SA) wees!!! Dis die doel wat ek gehad het amper 10 jaar gelede toe ek vir my eerste onderhoud by Atterbury trust gegaan het.

Vanaf 1999 tot 2001 studeer ek vir my B.Com(Rek) graad en in 2002 voltooi ek my B.Com(Rek)(Honeurs) en STR.

Na student wees is dit moeilik om te gaan werk in 2003, maar begin met klerkskap by 'n medium grootte firma, Logista GR(SA) Ingelyf in Pretoria. In 2004 skryf ek KE1, en met groot blydskap slaag ek! Later in 2004 voltooi ek my Ouditdiploma en skryf KE2. 2005 was 'n spesiale jaar vir my: in Januarie raak ek aan my langer helfte verloof, in Februarie hoor ek slaag en in Oktober 2005 trou ons!! Einde 2005 voltooi ek my klerkskap, en my droom word 'n werklikheid in Januarie 2006.....ek is 'n geregistreerde GR(SA)!!!!!

Ek voltooi my klerkskap by Logista, maar hou nog te veel van oudit (niks beter en interessanter gesien om te doen nie!!) In 2006 word ek bestuurder van een van die vier afdelings. In Januarie 2007 word ek bevorder tot assosiaat. Einde Januarie gaan ek na Boston, Massachusetts, Amerika om te sien hoe Amerikaners die ouditding doen. Ons firma stuur klerke en bereidwilligers na ouditeursfirmas in Amerika om in hulle besige seisoen te help. In totaal was ek so 6 weke daar. Terug op my pos, besef ek net wat 'n wonderlike land ons het. Ek sal nooit verruil wat ek hier het nie."

2. CARMEN WRIGHT (NEÉ HOFMEYER)



Carmen voltooi haar BCom (Rek) Cum Laude in 2001 en in 2002 haar BCom (Rek) (Hons). Haar ouditklerkskap by Deloitte is voltooi aan die einde van 2005 en sy kwalifiseer daarna as GR(SA). Sy het vir 3 maande in Los Angeles vir Deloitte, op die JIT program gaan werk. By haar terugkeer sluit Carmen by Deloitte Forensies aan en is tans 'n senior konsultant. Intussen is sy ook getroud en is nou Carmen Wright.

3. STEFAANS VAN PLETZEN

Stefaans skryf per epos uit Kanada: “nadat ek my graad in Rekenaar/Elektroniese ingenieurswese gekry het het ek gewerk vir Conspec, 'n maatskappy in Pretoria, wat spesialiseer in beheerstelsels vir industriele masjinerie. Tans werk ek vir Innovative Automation Inc in Kanada. Ons ontwerp en installeer masjinerie wat produksielyne automatiseer, hoofsaaklik in die motorindustrie.”

4. CHRISTINE FOURIE

Ons sien vir Christine nog gereeld, aangesien sy tans by TAG, Atterbury se ouditeure, werksaam is. Christine het haar BA Regte graad in 2001 voltooi en daarna 'n Hons-graad in Kriminologie voltooi. Sy doen statutêre werk by TAG en is ook verantwoordelik vir die salariskantoor.

5. RIANA VAN DER MERWE

Riana het haar BSc Huishoudkunde graad in 2002 verwerf.

6. LESLIE MULLER

Leslie het BSc Rekenaarwetenskappe studeer en het sy graad in 2001 voltooi.

ATTERBURY TRUST PLANNE VIR 2008

Ons sal graag in die toekoms wyer wil slaan deur die infrastruktuur by die Atterbury Trust te gebruik om die potensiaal van die Atterbury Trust se bedrywighede te maksimeer. Deur hande met ons besigheidsvennote te vat, kan ons 'n nog meer betekenisvolle impak hê.

Ons beoog om die Trust se infrastruktuur te gebruik om werwing van studente namens ander firmas doen om sodoende wyer toekomstige beurs- en werksgeleenthede vir die studente verseker en groter betrokkenheid van die breër sakegemeenskap by hierdie inisiatief te bevorder.

KONTAK ONS BY:

Zahn Hulme	: 082 325 9225
Atterbury Trust	: 012 483 8676
Webtuiste	: www.atterbury.co.za

Ek wens u almal ‘n baie Geseënde Kersfees en ‘n 2008 vol nuwe en beter geleenthede toe!